Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Junie 2019

AfriForum Tydskrif




ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede



# #AfriForumVEGenBOU voort ná verkiesing én loods AfriForum Netwerk

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum
@kalliekriel

Ondanks die afname in die ANC se steun tydens die afgelope nasionale verkiesing, het dié party soos verwag steeds genoeg steun gekry om aan te hou regeer. Dit is natuurlik teleurstellend, maar geen rede om moed te verloor nie.

AfriForum, as burgerregte-organisasie wat buite die partypolitiek funksioneer, het reeds sedert die organisasie se stigting 13 jaar gelede besef dat ons nie ons en ons nageslag se toekoms totaal kan oorlaat aan verkiesingsuitslae nie. Verkiesings is natuurlik belangrik, maar is slegs een aspek van 'n veelheid van terreine wat aandag moet geniet om 'n beter toekoms te skep. Daarom werk AfriForum nie vir die volgende verkiesing nie, maar eerder vir die volgende geslag.

Tussen verkiesings is daar vyf jaar met 365 dae elk (buiten in skrikkeljare) waartydens AfriForum, sy personeel, vrywilligers en lede elke dag met genade van Bo en harde werk 'n verskil kan maak deur AfriForum en die Solidariteit Beweging se praktiese toekomsplan te help implementeer. Dit is bevrydend om te weet dat ons die plan en die uitvoerende vermoë het om die toekoms in ons eie hande te neem en nie totaal uitgelewer is aan die regerende party se doen en late nie.

## #AfriForumVEGenBou

AfriForum se plan kan kortliks as 'n "veg-en-bouplan" opgesom word. Die besonderhede van dié plan sal die tema van bespreking wees tydens die reeks "streeksberade van hoop" wat AfriForum gedurende die tweede helfte van die jaar op verskeie plekke in die land gaan aanbied.

Die "veg-en-bouplan" behels kortliks dat AfriForum vir geregtigheid en teen agteruitgang sal veg, maar dat die organisasie terselfdertyd prakties op grondvlak alternatiewe werklikhede sal help bou wat dit vir ons gemeenskap moontlik sal maak om met 'n groeiende mate van selfstandigheid na ons eie belange om te sien.

## Veg

AfriForum se krag om teen onreg en agteruitgang te veg, word verseker deur ons ondersteunersbasis van meer as 220 000 aktiewe lede. Lede maak dit vir AfriForum moontlik om met die beste regspanne in die howe vir geregtigheid te veg, internasionale druk teen die ANC se onteieningsplanne en misdaad te genereer, en verskeie ander meganismes tot ons beskikking te gebruik om die owerheid verantwoordbaar te hou.

> **AfriForum se plan kan kortliks as 'n "veg-en-bouplan" opgesom word.**

## Bou

AfriForum en die Solidariteit Beweging se "bouplan" bied 'n "versekeringspolis" vir gevalle waar die "vegplan" nie suksesvol is nie. AfriForum veg byvoorbeeld voluit om die polisie verantwoordbaar te hou om misdaad te beveg, maar die meer as 135 selfstandige buurtwagte wat AfriForum reeds landwyd as deel van ons "bouplan" tot stand gebring het om misdaad te bekamp, bied aan AfriForum die vermoë om misdaad teen te staan selfs al sou die "vegplan" uiteindelik nie suksesvol wees nie. Benewens buurtwagte het AfriForum en die Solidariteit Beweging tientalle ander selfstandigheidsinisiatiewe wat ons tans landwyd in praktyk implementeer. Opvoedkundige instellings soos 'n eie universiteit (Akademia) en ambagsopleidingsinstelling (Sol-Tech) is byvoorbeeld reeds suksesvol gevestig en daar word ook tans in die Solidariteit Beweging gekyk na die vestiging van privaat skole waar die noodsaak daarvoor bestaan. Sowat 30 streeksdorpe is ook as ankerdorpe geïdentifiseer, wat as basis sal dien om selfstandige dienste aan omliggende gebiede te bied.

## AfriForum Netwerk is hier!

AfriForum pas, soos op talle ander terreine, ook die "veg-en-bouplan" toe wat die ekonomie betref. AfriForum veg teen die owerheid se rasgedrewe ekonomiese beleidsrigtings wat dit vir lede van minderheidsgemeenskappe moeilik maak om besigheid met die staat en groot ondernemings te doen. AfriForum is daarom trots om ons "bouplan" vir AfriForum-lede se ondernemings – AfriForum Netwerk – in hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* te loods. AfriForum Netwerk is daargestel sodat AfriForum-lede hulle ondernemings en dienste GRATIS op dié netwerk se databasis kan registreer, sodat ander AfriForum-lede hulle kan ondersteun. Dit maak nie saak hoe klein of groot jou onderneming is nie. Dienste wat wissel van tuindienste, rekenkundige dienste, restaurante, gastehuise en winkels tot ander konsultasiedienste is welkom.

Ondernemings kan ook aandui of hulle bereid sal wees om afslag aan AfriForum-lede te bied. Die Joodse gemeenskap is 'n goeie voorbeeld van hoe lede van 'n gemeenskap mekaar kan ondersteun. Daar is geen rede waarom AfriForum-lede mekaar nie ook in die sakewêreld kan ondersteun nie. Daarom vra AfriForum sy lede met vrymoedigheid om hulle geld by ander lede te spandeer waar moontlik.

Uiteraard kan die stelsel nie op lojaliteit alleen steun nie. Ons verwag van lede om gehaltedienste en -produkte aan mekaar te lewer.

Lees gerus meer oor AfriForum Netwerk elders in hierdie tydskrif en besoek **www.afriforumnetwerk.co.za**.

## Dankie!

Ten slotte wil ek weer eens elke lid vir hulle ondersteuning bedank. Dit is lede wat AfriForum sterk maak en elke sukses wat AfriForum behaal, is te danke aan elke lid se steun. Kom ons skep saam hoop deur ons roeping ten volle uit te leef en te veg en te bou vir 'n beter toekoms. Ons kan, ons wil en ons gaan dit regkry!